

24 November

1 Samuel 17:31-51

(Teks: 17:45)

Vorentoe - in die naam van die Here

Die Christen is 'n mens met hoop, toekomsverwagting en geloofskrag. Ons gaan die lewe tegemoet soos Dawid. Dawid is die herderseun. Voor hom staan Goliat. Die reus is gewapen met helm, swaard, harnas, spies en skild. Feitlik onoorwinbaar. Sy broers het ook al onttrek in magteloosheid.

So staan ons ook voor die uitdagings van ons tyd: Christelike kerke, Christelike onderwys, Christelike kunstenaars, betroubare huisgesinne, eerlike vakmanne. Ja, ons moet die Naam van die Here uitdra op alle terreine van die lewe. Ons het 'n taak.

Waar lê ons krag? Net soos Dawid moet ons vorentoe gaan. Vorentoe in die Naam van die HERE, die Almagtige.

Kom, Christen. Al is jy maar 'n seun, God sal jou bewaar. Kom, al het jy nie die uitrusting van 'n soldaat nie. Vir God was net één klippe genoeg terwyl die ander vier oorbodig was.

Kom, vorentoe, ons weet dat aan Christus gegee is alle mag in die hemel en op die aarde.

Maar God, my helper, was naby;
in ruimtes is ek uitgelei.

Sing Psalm 18:9

Ds. J.C. van der Walt (Delmas)